SÊ JOU SÊ!

STAD KAAPSTAD KONSEPBELEID OP SAKESTEUN

Die Stad Kaapstad is van voorneme om die beleid op sakesteun te hersien. Die Stad erken die kritiese rol van mikro-, klein en mediumgrootte ondernemings (MSME's) in die aandrywing van inklusiewe ekonomiese groei, werkskepping, innovering en ruimtelike transformasie. Die kerndoel van die beleid is om ekonomiese groei in die Stad Kaapstad aan te dryf deur die instaatstelling van MSME-ontwikkeling en -toegang tot die mark.

Die huidige proses is daarop gemik om die bestaande beleid te verfyn deur bepalings by te voeg en administratiewe versperrings vir MSME-vooruitgang te verwyder. Deel van hierdie proses is dat die publiek die geleentheid gebied word om vertoë te rig en/of insette oor die beleid op sakesteun te lewer.

Kennis geskied hiermee ingevolge artikel 17 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, dat die publiek en belanghebbende partye of groepe die geleentheid gebied word om vir 'n tydperk van 30 dae kommentaar, aanbevelings of insette aan die munisipaliteit voor te lê. Die kommentaartydperk van 30 dae lank begin op 15 Junie 2026 en eindig op 15 Julie 2026.

Kommentaar, aanbevelings of insette oor die konsepbeleid op sakesteun kan op die volgende maniere ingedien word:

- Per e-pos aan Business.Support@capetown.gov.za
- Deur aflewering van 'n skriftelike voorlegging by die direktoraat ekonomiese groei, 12de verdieping, Hertzog-boulevard 12, Strandgebied, Kaapstad, 8001
- charles.rudman@capetown.gov.za

Spesiale bystand sal verleen word aan mense wat nie kan lees of skryf nie, mense met gestremdhede en benadeelde groepe wat nie skriftelike kommentaar kan indien nie, om hulle insette of kommentaar aan te teken en aan die munisipaliteit voor te lê. Persone van die bogenoemde groepe kan die Stad Kaapstad se eenheid vir openbare deelname kontak: Vir algemene openbare deelname: Mbuthokazi Kubashe by 021 400 9808 of Mbuthokazi.Kubashe@capetown.gov.za, of vir bystand aan benadeelde groepe:

Navrae oor die konsepbeleid op sakesteun kan gerig word aan die direktoraat ekonomiese groei by 021 417 4043021 400 1902 of e-pos: Business.Support@capetown.gov.za.

Neem asseblief kennis dat die konsepbeleid op sakesteun op die Stad Kaapstad se webwerf: http://www.capetown.gov.za/haveyoursay, by subraadskantore en by Stadsbiblioteke besigtig kan word.

LUNGELO MBANDAZAYO
STADSBESTUURDER
CTA119/2026

CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

Maak vooruitgang moontlik. Tesame.